



Mnr PHS kry sy Prinses



Deanu Cornelius en Robyn Jacobs is op 30 April 2026 in die huwelik bevestig by Langkloof Roses, Wellington.

Foto: Zana Vorster

Ses ander Piketbergers, ook oud-PHS'ers, se troufoto's is te sien op pp12 en 13.

Troukoors pak die meeste jongelinge beet en gelukkig vir Deanu Cornelius, 2017 se Mnr PHS, en Robyn Jacobs, het Cupido se liefdespyl hulle getref.

As studente by die Universiteit van Wes-Kaap, Bellville kampus, het dié twee agt jaar gelede ontmoet, langs die dominoestafel, min wetende dat hulle pasmaats vir ewig is. Die seremonie en onthaal was by Langkloof Roses, buite Wellington. Die paartjie is pas terug van 'n 10-dae onvergeetlike wittebrood in Viëtnam, met vriendelike mense, 'n ryk kultuur, genoeg vark en hoender om te eet, die beste koffie, 'n coconut toer, fantastiese inkopie ervarings, eksotiese leer-items, strande en Vietnam se Disneyland, Ba Na Hills.

Robyn is 'n prokureur van die Hooggeregshof en werk by C&A Friedlander Prokureurs in Kaapstad, waar sy spesialiseer in Arbeidsaangeleenthede. Deanu is vanaf 1 Junie 'n Stelsel Ontleder by Pepkor wat meestal dataverwerking en kodering doen. Hy was tot onlangs 'n PI-ontwikkelaar.

Piketberg se Koerant vir Piketberg se Mense Lees Binne

Waar sien jy Piketberg Erfenis...p2
Jana en Neefs kry Graad...p4
VLV Piketberg is 94...p5
Jacques Loubser by SACSSFIT...p8
Remedial Sports Therapist...p11
Museum fotokompetisie...p11
Piketbergers trou...pp12,13
SSS Afrika-dag...p14
Piketberg Beker aan SSS...p17
Skaak...pp20,21
Bergmun se Carel van Niekerk...p22

AUTOTECH

Business Hours:

Mon - Thur: 08:00 - 17:00
Fri: 08:00 - 16:30

Closed during 13:00 - 14:00 daily

Sat/ Sun/ Public Holidays: Closed

Tel: 022 913 1939

(discontinued from 01 March 2026)

+27 73 248 3279

autotechpiketberg@gmail.com

37 Die Trek, Piketberg, WC



Become a Member of our Promotional WhatsApp Group:



Weskus Grafstene

Graniet Grafstene
Nisplate
Restourasie
Tweede bewoordinge



Kontak:

**068 000 9179 /
070 508 4571**



Redaksioneel

“Skindernuus” en “skinderstories”

Die *Piketberger* is vol interessante brokkies nuus wat die beste tipe “skindernuus” is - nuus wat tot opbou is van dié oor wie dit gaan en vir dié wat dit lees of aan oortel word. Jy as leser kan met vrymoedigheid alles wat jy op die bladsye van elke uitgawe lees, aan iemand vertel. Jy sal agterkom dit stem jou positief en die ontvanger van die nuus word geïnspireer. Vergewis jou van die mooi dinge wat in ons gemeenskap aangaan en konsentreer doelbewus daarop om die hart en gesindheid agter alles raak te sien. Neem gerus deel aan die Museum se Erfenispeletjie wat vir die volgende paar maande regs op hierdie bladsy verskyn. Die eerste vraag het 14 deelnemers gehad, kom ons kyk om dit te verdubbel. Snuffel rond in die “20 jaar gelede”-inskrywings en besef hoe dinge verander en ook verbasend dieselfde bly. Bestudeer gerus die advertensies en meegaande artikels, jy sal verstom wees oor die waardevolle inligting wat daarin is. Inligting wat jy weer vir iemand anders kan vertel. Ontmoet nuwe mense deur die foto's te “lees”, geniet dit wat die organisasies doen, kom sluit aan as jy wil en wees deel van die pret en verruking. Kyk wat doen ons skole en sê saam: Well done, Keep it up. Liefde, Marietha



PIKETBERG BLOEDSKENK

KLINIEKE 2026

11h00-16h00

Piketberg Sinagoge
Kerkstraat

18 Junie 16 Julie

Die Piketberger Redaksie

Berigte, Uitleg en Proeflees: Marietha Goosen

☎ 022 913 1796; 083 654 3170

Admin en verspreiding: Marietha Goosen

Advertensies: diepiketberger@gmail.com

Rekeninge: Carla Visser

Volblad: R580 Halfblad: R410

Kwartblad: R280 Agstebblad: R200



Marietha Goosen



Carla Visser

WAAR SIEN JY?

Waar in Piketberg sal jy dié sien?


Whatsapp jou naam en

antwoord na 084 511 2886 en kyk in die volgende uitgawe van *Die Piketberger* wie eerste die regte antwoord gestuur het. Die volgende raaisel sal ook daar verskyn....

Kom ons Piketbergers raak meer van ons Erfenis bewus!



Piketberg Erfenis



Waar sien jy?

Die vraag in die Mei 2026 uitgawe was:



en die antwoord is:



Tuinstraat 10 -

Uit die 13 raaiskote wat ontvang is, was Hanlie Linde s'n die eerste korrekte een.

Hierdie pragtige, ou lugventilasiegate was baie algemeen tydens die laat 19de- en vroeg 20ste eeu, veral in geboue wat deur die Victoriaanse- en Edwardiaanse argitektuur beïnvloed is. Die Victoriaanse- era is veral deur versierings geïkonneer en praktiese elemente soos luggate, geute, skarniere en afvoerpepe is dikwels versier. Die kruisagtige buitelyne weerspieël waarskynlik plaaslike- en streeksbouers en -vervaardigers se dekoratiewe style.

Voor die tyd van lugversorgers en lugsuigwaaiers is daar van luggate gebruik gemaak vir natuurlike lugverspreiding. Dit het gehelp om vertrekke en dakspasies te verkoel, klammigheid te beheer en vuurherte en ander openinge in mure af te koel. Vars lug was baie belangrik tydens die vorige eeue vir gesondheid, aangesien virusse soos tuberkulose en cholera toe meer algemeen voorgekom het.

Hierdie luggate is dikwels in dik klipmure ingebou en omdat dit van staal gemaak is, het baie reeds meer as 'n honderd jaar behoue gebly. Vandag word dit as deel van argitektoniese erfenis waardeer en bewaar. Ander voorbeelde in Piketberg:





Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme

Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensiële

Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhuring

Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop

R445 000



Erf | 612m²
Bluegumstraat, Wheatfields, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop

R11 500 000



Sitrus- en gasteplaas | 3.9 Ha
Clanwilliam
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Koop

R5 200 000



Stoorkamers | 904.60m²
Vervoersingel, Piketberg
Kontak Quinten: 076 512 2215

Te Huur

R75 per m²



Stoorkamer | 50m²
Piketberg
Kontak Sue-Maré: 076 512 2215

Te Huur



Stoorkamer | Piketberg
3m x 6m: R1400 p/m | 3,5m x 7m: R1700 p/m
Kontak Yolanda: 084 506 4288

Verkoop deur Chris-Fick



3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Piketberg

Jana kry Graad



Jana Truter, oud-leerder van PHS in 2022, ontvang op 18 Mei 2026 haar graad BSc Geografie en Omgewingstudies aan die Universiteit van Pretoria. Sy is tans besig met haar Honneursgraad en beplan om volgende jaar haar studies aan die Universiteit van Stellenbosch voort te sit. By Jana is haar ouers, Jan en Jansie Truter.



Jana het die geleentheid ook gedeel met haar twee neefs, Wium en Joubert Smit. Wium, links, ontvang sy Meestersgraad in Bedryfsingenieurswese Cum Laude, terwyl sy jonger broer, Joubert, sy graad in BCom Rekeningkunde verwerf. Wium en Joubert is die seuns van Jansie se ouer suster, Lizel Smit.

Well done, Well done, Keep it up, Keep it up



Dr. Truter • Dr. Smalberger • Dr. Müller • Bendert Smit

Piketberg • Velddrif • Citrusdal

MONDHIGIËNE
ALGEMENE EN VOORKOMENDE TANDHEELKUNDE
HERSTELLENDSE TANDHEELKUNDE
ORTODONTIESE TANDHEELKUNDE
MONDCHIRURGIE
KOSMETIESE TANDHEELKUNDE
BLEIKING
MONDSKERMS
BOTOX- EN FILLER BEHANDELING

Slegs per afspraak :

Piketberg - 022 913 1630

Velddrif - 022 783 0207

Citrusdal - 022 921 3110

f @bergrivierdental



Masjinerie te huur:

- * 5 tot 33t Slootgrawers
- * Stootskrapers D6 & D8
- * Padskrapers
- * Dumpers
- * Rollers
- * Waterkarre
- * Masjinerie vervoer
- * Diggerloaders ens.



Dienste:

- * Damme bou en herstel
- * Paaie
- * Bouplatforms
- * Siviele werk
- * Plaveisel pak
- * Ontbossing
- * Grondvoorbereiding
- * GPS Rip en Ridgewerk
- * Spitdol en Ontworteling



ROLAND RHODES

082 416 2543

wynlandplant@gmail.com



VLV Piketberg vier 94jaar

VLV Piketberg het op 25 Mei 2026 94 jaar van diens, versorging, vriendskap, liefde en toewyding gevier.



PHYSIOTHERAPY

082-440-8500
piketphysio@gmail.com
1926 Building, corner of
Church & Voortrekker
Street, Piketberg



Kyla van Heerden
Biokineticist

Biokinetics is a specialized healthcare profession that focuses on using exercise and physical activity to prevent and manage various medical conditions and injuries. Biokineticists are trained professionals who assess, prescribe, and supervise exercise programs tailored to individual needs.

BIOKINETIC SERVICES

- **Postural Analysis**
- **Assessment, Evaluation and Exercise Prescription**
- **Orthopaedic Rehabilitation**
- **Chronic Disease Management**
- **Pain Management**
- **Functional Fitness**
- **Sports Performance Enhancement**
- **Corporate Wellness**
- **Home visits**
- **Discovery Vitality Fitness Assessment**

Weskus Grafstene

10 Jaar waarborg
Ontwerp ingesluit
Gratis kwotasie

068 000 9179
070 508 4571

Vredenburg, Piketberg, Paarl, Wellington



CONTACT

Hoofst 24, Piketberg
kylavanheerden.bio@gmail.com
082 857 4117
www.kineticvitalityhealth.co.za



Kids Health: The Holistic Way

Join Dr. Sanet R. Heymans for a transformative masterclass on healing from the inside out.

Topics:

- Gut Health & Immunity
- Brain Development
- Mood, Mental Health & Behaviour
- Obesity & Allergic Diseases

18 July | 10:00 - 16:00 | The Imaginarium
(Includes coffee, snacks, & nourishing lunch)
R950 per person
R100 discount for bookings before 7 July

Limited Space - Book Now:
082 772 2627 | deidre@germinate.co.za



Food is Medicine: For health and Longevity

Join Dr. Sanet R. Heymans for a transformative masterclass on healing from the inside out.

Learn to Master:

- Anti-inflammatory Eating
- Stress-reducing Herbs
- Gut Health & Immunity
- Budget-Friendly Nutrition

17 July | 10:00 - 16:00 | The Imaginarium
(Includes coffee, snacks, & nourishing lunch)
R950 per person
R100 discount for bookings before 7 July

Limited Space - Book Now:
082 772 2627 | deidre@germinate.co.za

Kos is Medisyne

Werkswinkels - 17 en 18 Julie 2026 (Sien advertensies links)

Ons leef in 'n wêreld vol teenstrydige voedingsadvies en tog is chroniese siektes meer algemeen as ooit. Iets klop nie. Die goeie nuus: jou liggaam het die intelligensie om sy pad terug na gesondheid te vind, as die regte toestande heers.

Kos is 'n kragtige stuk gereedskap.

Aangebied deur Dr Sanet Rousseau Heymans — homeopaat, navorser en geïntegreerde gesondheidspraktisyn
“Let food be thy medicine, and medicine be thy food.”

— Hippocrates

Sessie 1: Vir volwassenes Vrydag 17 Julie Afr&Eng

Fokus: Hoe kos jou sel verdediging aktiveer (Nr2); Water kosse jou derm heel; Navigeer voedingsadvies met selfvertroue; Langlewendheid strategieë deur kos.

Sessie 2: Vir ouers/voornemende ouers Saterdag 18 Julie Afrikaans en Engels

Fokus: Voeding tydens swangerskap vir baba se spysverteringskanaal; Waarom natuurlike geboorte en borsvoeding lewenslank tel; Suiker, skermtyd en eensaamheid se uitwerking op kinders; Bou gesonde eetgewoontes van vroeg; Mediterreense en gefermenteerde kosse vir kinders.

Jou “gut”: die beginpunt

80% van jou immuunstelsel sit in jou spysverteringskanaal; Kroniese ontsteking is die wortel van die meeste siektes; Die verkeerde kos beskadig; Die regte kos herstel en beskerm.

Kennis is mag

- Suiker, geraffineerde koolhidrate en transvette
- Ultra verwerkte kosse en preserveermiddels
- Oormatigheid en versadigde vette
- Verskeidenheid, veselryke en gefermenteerde kosse
- Mediterreense diet

R950 per persoon (R100 afslag vir besprekings voor 7 Julie 2026) Gesonde middagete is ingesluit

Registreer: deidre@germinate.co.za // 082 772 2627

Fakture vanaf 6 Julie 2026 **12 plekke per werkswinkel**



BERGRIVIER SERVICE CENTRE

PIKETBERG

ALGEMENE DIENSTE & ONDERHOUD
OP ALLE VOERTUIG EN TROKKIES

060 504 4909 | pietman@bergriviersc.co.za

BETROUBAAR • EERLIK • KWALITEIT

A MUST SEE DEAL

**A frame (to the
value of R1200)
and lenses.**

Single vision **R1850**

Bifocal **R2150**

Multifocal **R2950**

COME VISIT US AT OUR NEW PREMISES

Piquetberg mall, Shop UL28 (top of the escalators) | Piquetberg

Call us: 022 913 1349 | WhatsApp: 082 766 9431



BIERMAN GROBBELAAR
OPTOMETRISTS

Jacques se Jeugdige Krag goed vir SACSSFIT



Jacques Loubser, oud-PHS'er 2023, die nuutste toevoeging tot SACSSFIT Piketberg.

Jacques Loubser het met sy studies onderskeidings behaal by HFPFA Sport & Fitness Education, Stellenbosch. In 2024 die Higher Certificate in Exercise Science (HCES – Personal Fitness Trainer and Sports Conditioning Coach) en in 2025 die Advanced Certificate in Exercise Science (ACES – Personal Trainer, Strength and Conditioning Coach and Exercise Specialist). Hy het terselfdertyd by die Western Province International Rugby Institute (WPIRI) hul twee jaar High Performance Rugby Program met onderskeiding geslaag. Op die rugbyveld het Jacques himself bewys deur gedurende die 2024-2025 seisoen as Kaptein van Villager FC se U/20 A-span te speel, terwyl hy ook as Kaptein van die WPIRI se 1ste span uitgedraf het. In 2025 was hy deel van die Villager FC se Senior span en Kaptein van Villager FC se Sevens span. Jacques was opgeneem in die Stormers Pathway Program en het wedstryde gespeel vir die Western Province U21 Pre-Season groep. Sedert Maart 2026 werk Jacques as Personal Trainer en Strength and Conditioning Coach by SACSSFIT waar hy ander inspireer deur sy passie vir sport, prestasie en 'n gesonde leefstyl.



FMTM
Fitness Massage Therapy & Massage

FMTM 064 404 9558



PIKETBERG

Properties Wanted

We have a number of pre-approved tenants and are currently seeking properties to match their requirements.

Lishka Olesen
060 764 6802
piketberg@rentl.co.za

www.rentl.co.za



FATHERS DAY

UPPER LEVEL SHOP 22 - BOLAND SPAR CENTRE, 54 LONG STREET



MENS TURTLE-NECK TOP
39.99

MENS SLING BAG
49.99



MENS ASSTD JACKETS FROM
349.99

MENS STRIPE SHIRT
129.99

MENS ASSTD JEANS
NOW ONLY! 149.99



MENS PLAIN SWEAT TOPS
69.99
FLASK
129.99

MENS PLAIN TRACKPANTS
79.99



MENS PTD HOODY
109.99

MENS CARGO TRACKPANTS
99.99

SPECIAL PRICES VALID FROM 8 - 21 JUNE ONLY!

MENS PJ SET
119.99

MENS SLIPPERS
79.99

PRE-BOYS PJ SETS FROM
69.99

BOYS COSY SOCKS
29.99



MENS GLOVES FROM **R14.99**
MENS BEANIES FROM **R12.99**
MENS SOCKS FROM **R14.99**

MENS PJ SET
119.99

MENS STOKKIES
49.99



PayJustNow.

BOYS FLEECE GOWNS FROM
59.99



MENS RIB TEES
59.99



MENS PJ PANTS
79.99

sassa
Find us on: **facebook**

CELEBRATING ALL DADS THIS FATHERS DAY - SUNDAY 21 JUNE





Deidré Eigelaar

FOUNDER



+27 22 914 5050 | +27 82 772 2627

www.germinate.co.za | @germinate_sa

GROWING PEOPLE - GROWING FUTURES

Florerende gemeenskappe - Dorpe van Hoop Aflerwing 6 (Slotaflerwing)

Oor die afgelope vyf aflerwings is nuwe begrippe bespreek: **oorweldiging**, **Ubuntu**, **kennismakelary**, **gemeenskapsaksie**, **selfhelpsaamheid**. Elkeen 'n bous-teen. Saam vorm hulle die vermoë van 'n gemeenskap om nie net te oorleef nie, maar om sy eie toekoms te begin bepaal deur die saai van Sosiale Versiendheid.

Maar hoekom "saai"? Jan Christiaan Smuts, die polimaat (polymath) gebore in Riebeeck-Wes, en 'n moderne navorser, Anika Keils, het vir Piketberg antwoorde.

Holisme: 'n Bolandse Erfenis

Jan Smuts het in 1926 'n boek geskryf: *Holism and Evolution*. Daarin stel hy 'n radikale idee: die geheel is altyd meer as die som van sy dele. Sisteeme, of dit nou 'n plant, 'n mens of 'n gemeenskap is, kan nie verstaan word deur net die onderdele te ontleed nie. Dit moet as 'n lewende geheel beskou word. Smuts het hierdie idee ontwikkel terwyl hy in die Bolandse berge stap het. Hy het die natuur gesien soos dit is: onderling verbind, dinamies, en in voortdurende wording. Daar is 'n diepe betekenis in die term vir 'n dorp soos Piketberg. Die probleme waarmee ons worstel — werkloosheid, gesondheidsuitdagings, voedsel onsekerheid, jonger mense wat wegtrek — is nie losstaande probleme nie. Dit is *komplekse knooppunte* in 'n lewende sisteem. Smuts sou sê: behandel die sisteem, nie net die simptome nie. **"As jy die wortel wil verstaan, moet jy die boom verstaan. As jy die boom wil verstaan, moet jy die bodem, die reën en die son verstaan."**

"Wicked Problems": Wanneer Eenvoudige Oplossings Nie Werk Nie

Victor Motti, 'n internasionale toekomsdenker en lid van die Wêreld Toekoms Studies Federasie, bou voort op Smuts se holisme met 'n begrip wat al hoe meer relevant word: *"wicked problems"* — letterlik "gemene probleme".

'n "Wicked problem" is nie gewoon moeilik nie. Dit is 'n probleem wat geen duidelike beginpunt of eindpunt het nie, verskillende oorsake het wat met mekaar verweef is,

anders lyk, afhangende van wie daarna kyk, nie "opgelos" kan word nie — net beter of slegter bestuur kan word.

Voedsel onsekerheid in die Bergrivier-distrik is 'n "wicked problem". Jeugwerkloosheid is 'n "wicked problem". Hierdie probleme het nie een oorsaak of een oplossing nie. Hulle vra vir **sistemies denke**, veelvoudige akteurs, en 'n lang asem. Dit is presies waarom selfhelpsaamheid, soos ons in die vorige aflerwing bespreek het, so noodsaaklik is. Geen enkele held, program of departement kan hierdie probleme alleen oplos nie.

"Seeding Social Foresight": Wat Anika Keils ontdek

Anika Keils se navorsing, wat oa die Germinate-model akademies ondersoek, het iets krities geïdentifiseer: ge-

meenskappe wat in afhanklikheid vasval, ly nie net ekonomiese armoede nie. Hulle ly **verbeeldingsarmoede**. Die venster na die toekoms vernou. Mense verloor geleidelik die oortuiging dat hulle aksies 'n verskil kan maak. Keils se navorsing sluit aan by die begrip van **Sosiale Versiendheid** (Social Foresight) — die vermoë van 'n gemeenskap om geloofwaardige alternatiewe toekoms te sien, en vanuit dié visie te handel. Nie net individue wat droom nie. 'n *Gemeenskap* wat self en saam 'n beter toekoms konstrueer. Haar navorsing identifiseer drie snypunte wat as besondere risiko's vir plattelandse Suid-Afrikaanse gemeenskappe uitstaan:

Voedsel — nie net honger nie, maar hoe word die voedselstelsels bestuur en beheer? Wie het toegang? Hoe word mense uitgesluit?

Gesondheid en Welstand — nie net siektes nie, maar die dieper vraag: floreer mense? Het hulle 'n sin van doel, gemeenskap en hoop?

Sosiale kohesie — die onsigbare bindmiddel wat 'n versameling mense van een dorp in 'n werklike gemeenskap omskep.

Germinate se naam resoneer. *Germinate* — om te ontkiem, om nuwe lewe uit 'n saad te laat groei. Sosiale Versiendheid is presies dit: die saad van 'n voorkeur toekoms wat met omsigtigheid deur gemeenskappe se ontwikkeling van sosiale versiendheid geplant word. Sosiale Versiendheid is deur UNESCO as die geletterdheid van die 21ste eeu benoem. Lees, skryf en somme maak was die geletterdheid van die 20ste eeu. **"Gemeenskappe benodig nie net beter antwoorde nie. Hulle benodig beter vrae — vrae wat die toekoms oopmaak in plaas van toesluit."**

Die Saai van Sosiale Versiendheid in Piketberg

Dink terug oor die ses maande van hierdie reeks. Daar is gevra: Hoe gaan dit in Piketberg? (Saam Floreer), Hoe werk Piketbergers saam oor grense heen? (Ubuntu en kennismakelary), Hoe verbeel Piketbergers saam 'n beter toekoms? (Gemeenskapsaksie en selfhelpsaamheid)

Die laaste vraag is uitdagend: Hoe saai ons die saad van 'n voorkeur en gewenste toekoms in ons eie lewens, organisasies en gemeenskap, sodat dit wortel skiet en groei, ook as ons nie meer hier is nie? Smuts se holisme, Motti se sistemies denke, en Keils se navorsing wys almal na dieselfde antwoord: die saad is nie in 'n program of programme nie. Die saad is in *mense*, die kundigheid van sosiale versiendheid het elkeen, dit is 'n spier wat ontwikkel kan word, sodat mense anders begin kyk, nuwe vrae stel en die gemeenskappe met mekaar verbind word deur sosiale kohesie. Vir Piketberg om as dorp en gemeenskap te begin floreer.

Vir Besinning: Watter *wicked problem* in Piketberg raak jou die diepste — en wie moet saam met jou om die tafel sit om dit aan te pak? As jy aan Piketberg se gesondheid, voedselstelsels en gemeenskap kohesie dink: watter saad is reeds in die grond? Watter saad kort water gehad nie? Jan Smuts het sy groot gedagtes ontwikkel terwyl hy oor berge gestap het. Watter ruimte — fisies of sosiaal — gee jy aan jouself om te dink oor die toekoms van jou gemeenskap? Hoe skool ek myself in sosiale versiendheid? *Hierdie artikel is die slot aflerwing van die „Dorpe van Hoop” reeks oor Kollektiewe Toekoms-making en Sosiale Versiendheid.* Deidré Eigelaar | Germinate | deidre@germinate.co.za | 082 772 2627 |

Meet Remedial Sports Therapist, Mellissa Williams...

Hi there, my name is **Mellissa Williams**, I am a **remedial sports therapist**, with a background in Swedish massage. I'm 26 years old and I have had more than my fair share of sports injuries, such as a bulging disc in the lower lumbar(lower back), and a knee operation a few years ago. After the operation it took me about two years to recover and only after the Remedial Sports course did I get back to normal as I was used for demonstrations for the other students. I believe in forming a bond with my clients and I don't want them to assume that they just another pay check, I want them to benefit from each and every session that they have with me. Communication is a very big part of my job. When I'm working on your body I need to know exactly what's painful and what's not. Every single muscle, nerve, and bone is connected, just because I have taken away or lessened the pain in one area doesn't mean another area won't act up. I'm not the therapist you want to come to for an immediate solution or a quick fix, because injuries can typically take weeks or even months to heal. Sports Therapy is my passion. I love my job, seeing peoples' eyes light up when pain is eased or even gone. I help people through pain that they have had for many years or even just a couple of months, no one needs to live in pain. It's torture for some people, so let me help you! Let us build a relationship, set goals and reach those goals!



Piketberg Museum 2026 FOTO-KOMPETISIE

Dis weer tyd vir Piketberg Museum se jaarlikse fotokompetisie en dié jaar soek ons foto's van Piketberg se historiese geboue OF 'n heden-daagse foto van 'n ou foto uit die museum.



Kontak gerus vir Marié vir meer inligting en die inskrywingsvorm.

INSKRYWINGS

- R50 per foto
- Hoë definisie foto's
- Kamera of selfoon
- Epos of WA na museum

VOORWAARDES


- Inskrywings word die museum se eiendom
- Beoordelaars se besluit is final
- Sluitingsdatum 30 Oktober 2026



R1000 prysgeld vir die wenfoto!

022 913 2177
084 511 2886

info@piketbergmuseum.co.za



Mellissa Williams Remedial Sports Therapist

Remedial Sports Therapy is a Healthcare profession that focuses on the body as a whole so we work together to target the root of the problem, whether it be pain management or mobility issues. I work with a hands-on approach to help rehabilitate injuries of any nature.

Remedial Sports Therapy Services

- Deep Tissue Massage
- Manual Stretching
- Pressure Point Therapy
- Fasia Release work
- Scar tissue Release and Breaking
- Pain Management
- Injury Recovery
- Postural Analysis
- All Ages from 12 years old and up



Contact



Piketberg



082 301 0048




Luna Healing



Home Visits

En die grootste hiervan is die Liefde



Huwelisklokkies het die afelope tyd behoorlik gelui vir Piketbergers.

***Op die foto bo is Rohan Knoetzen en Petro Grundlingh. Hulle is op 18 April 2026 in die huwelik bevestig by Noupoot Mountain Resort en Wedding Venue, Piket-Bo-Berg.
Foto: Ivan van Niekerk***

***Op die foto links bo is Warren Stoman en Thana Stephan, wat op 13 Desember 2025 in die huwelik bevestig is by Christian Life in Kampsbaai.
Foto: Jaco History Images***


***Links is Pierre Janse van Rensburg en Lain-Mari van den Heever wat op 18 April in die huwelik bevestig is by Kleinevalleij Estate, Wellington.
Foto: Alex & Chris Photography***

***Regs is Louwrens Laing en Zunél van Eeden wat op 2 Mei 2026 in die huwelik bevestig is by Drie Seuns Wedding Venue, Porterville.
Foto: Kingswill Studios***



**Bo is Jan-Louis Eigelaar en Nina Cillié wat op 25 April 2026 in die huwelik bevestig is in die Toringkerk, Paarl. Die onthaal is gehou by The Venue, Paarl.
Foto: Cilliers Photography**

**Regs is Cappie Rossouw en Christi King wat op 18 April 2026 in die huwelik bevestig is by Joubertsdal, Swellendam.
Foto: Ellenore Gerber**



Steynies vier Afrika-dag

Afrika-dag beteken vir Steynville Sekondêre Skool die bevordering van vrede, ontwikkeling en menseregte op die kontinent. Hulle sien dit as 'n geleentheid om Afrika se ryk tale, erfenis, musiek, tradisies en diversiteit te vier. Hiermee wil hulle alle mense aanmoedig om trots te wees op hul Afrika-identiteit en saam te werk vir 'n beter toekoms vir alle mense in Afrika.



**SSS-Afrikadag
25 Mei 2026**

Nuwe Brilraam 'Tracer' by Van Der Westhuizen Oogkundige



Die Brilraam 'Tracer' by Van Der Westhuizen Oogkundige is die nuutste toevoeging in toerusting wat pasiëntediens verbeter.

Dr René van der Westhuizen, Oogkundige, skryf...

Ons is bly om die verkryging van nuwe raamspoor-toerusting aan te kondig, 'n waardevolle toevoeging wat beide doeltreffendheid en pasiëntediens in die praktyk sal verbeter. Hierdie tegnologie stel ons in staat om presiese raammetings vinnig en akkuraat vas te lê, wat dit makliker maak om lense vir passing voor te berei, sonder onnodige vertraging. Gevolglik kan pasiënte 'n vinniger omkeertyd verwag wanneer hulle vir hul brille wag. Benewens die verbetering van wagtye, help die nuwe opsporer om koste te verminder deur die behoefte om rame na die laboratorium te stuur vir lenspassing te verwyder. Dit verlaag nie net vervoer- en hanteringskoste nie, maar verminder ook die risiko van vertraging of skade tydens vervoer. Oor die algemeen gee die toerusting ons 'n meer gerieflike, betroubare en koste-effektiewe manier om ons pasiënte te bedien terwyl 'n hoë standaard van sorg gehandhaaf word.

Om hierdie nuwe tegnologie te vier, bied ons 'n spesiale oogondersoek aan VIR SLEGS R99. Let asseblief daarop dat hierdie promosie slegs op 'n kontantbasis beskikbaar is. Mediese fondspasiënte kan steeds van hul oogondersoekvoordele gebruik maak deur dit toe te pas op raam- of lensbyvoegings, wat hulle ekstra buigsaamheid en waarde gee wanneer hulle hul bril kies. Om vorentoe te beweeg is onvermydelik, en ons is daartoe verbind om tred te hou met die vinnig veranderende tegnologiese landskap sodat ons hierdie voordele aan ons pasiënte en kliënte kan bly bied. Deur in moderne oplossings te belê, kan ons diens verbeter, gerief verhoog en verseker dat ons praktyk gefokus bly op kwaliteitsorg en kliëntetevredenheid.



PHYSIOTHERAPY

☎ 082-440-8500
✉ piketphysio@gmail.com
📍 1926 Building, corner of Church & Voortrekker Street, Piketberg



R99 Eye Exam

Until End of July 2026
T's & C's Apply



Van Der Westhuizen
Oogkundige

Visie
&

Oog Sorg

Dienste sluit in:

- ✓ Kinder Oog Sorg
- ✓ Volledige Ondersoeke / Verskeie Bril opsies
- ✓ Infeksie beheer / Foreign Body Removal
- ✓ Kontaklense & Oplossings
- ✓ Pakket Opsies / Lay-Buy beskikbaar

Jeep
EYEWEAR

PB 022 913 1747



STEPPER
EYEWEAR

CD 022 921 2024

VDWOptometris.co.za



Die Kletsklas (deel 1) deur Anita

Wat is dit? 'n Groep vroue wat by mekaar kuier, oor 'n koppie tee en koek. Hul praat graag oor die verlede. Wanneer is klets dan skinder? Skinder begin gewoonlik so: Het jy gehoor? of Ek het dit vir die waarheid gehoor. of Moenie dit oorvertel nie, want ek het belowe ek sal dit vir myself hou, sy's immers my beste vriendin. Die kletsers word soms "die koerant" van die dorp genoem of die inligtingsburo. Stories kry stertjies om dit meer dramaties te maak. So byna word die groep betrap! Hier kom die een aan waaroor die storie gaan en gesels vinnig iets anders, maar die persoon kan die atmosfeer met 'n mes sny en die vroom gesigte, met die hartlike groet, spreek boekdele. Jy kan soms 'n storie kort knip en die verteller verleë laat.

Sy: Hoekom eet Carla so min? Is sy op 'n dieet, of het sy ook van die snaakse siektes, wat die rondte doen?

'n Vriendin onderbreek skielik: Carla wil net so 1kg gewig verloor, om oor twee weke gemaklik in haar trourok te pas. Raai wie sit met 'n rooi gesig?

Na 'n storie vertel is en ons weet dis onwaar, sal ek graag wou sê jy jok mos nou soos die slang vir Eva gesê het.

Daar is ook klets-koninginne. Onthou julle die bekende Amerikaanse persoonlikheid, Oprah Winfrey. Sy't 'n kletsprogram aangebied - en so het sy met baie bekende persone gespot. Sy was egter die een met wie jy kon spot. Sy het 'n meisieskool met koshuis in Bloemfontein gestig en was baie lief vir RSA.

Dis waarheid sonder jok! Nuuskierig? Wag tot volgende keer.

Van die bank af...

Deur Linda Sterkenburg

Fokus op verhoudings



Na afloop van die groot storm was sosiale media vol beelde en stories van skade en verlies wat aan 'n mens se hart ruk. Saam met die hartseer en verwoesting was daar egter ook stories van gemeenskappe wat saamstaan en skenkings of dienste bydra om hul medemens te help. Bure en boere uit gemeenskappe staan mekaar by en spreek hul dankbaarheid uit oor die ondersteuning daar buite,

wat 'n stukkie hoop uit die verwoesting laat opskiet.

Dit het my herinner aan John Ortberg (2007) se boek met die titel "When the Game Is Over, It All Goes Back in the Box". Hierin gebruik hy die metafoor van 'n bordspeletjie soos Monopoly, waar jy rykdom kan opbou, eiendom kan koop en almal kan wen. Maar as die speletjie verby is, gaan alles terug in die boks—'n kragtige herinnering aan die realiteit van ons eie lewens. In die boek maak hy die stelling dat jou hele lewe aan die einde, wanneer alles in 'n boks gepak is, opgesom word as 'n kort lyntjie tussen 'n begindatum en 'n einddatum. Dié kort lyntjie (jou lewe) word uiteindelik gedefinieer in terme van die verhoudings wat ons agterlaat. Dit is al wat oorbly: die impak wat jy op ander se lewens gehad het. Na afloop van hierdie storms waar mense soveel verloor het, was dit verhoudings wat steeds bo alles uitgestaan het.

Dekades se navorsing in sielkunde oor die sukses van terapie sluit ook hierby aan met 'n duidelike gevolgtrekking: die spesifieke tegnieke en modaliteite is alles ondergeskik aan die menslike konneksie, aangesien die terapeutiese verhouding beskou word as die belangrikste faktor wat tot suksesvolle terapie bydra. Verhoudings is wat ons dra.

Ongelukkig word verhoudings in vandag se moderne wêreld bedreig deur families wat oor kontinente heen versprei is, die konstante vloed van inligting vanaf ons selfone, en oorfone wat tussen ons kom lê. Verhoudings word 'n luuksheid eerder as prioriteit terwyl ons daagliks voortstroom om produktief te wees tussen werk, huistake en verpligtinge. Mag ons opnuut herinner word aan waar die waarde werklik lê, en doelbewus 'n poging aanwend om die verhoudings om ons te koester en te voed deur op betekenisvolle konneksies te fokus.

Dr Stephanie Strydom
Winelands Diabetes

info@winelandsdiabetes.co.za
www.winelandsdiabetes.co.za

021 863 0101
079 608 5747

Main Road 42A, Paarl
Hoofstr 24, Piketberg

**Die volgende Piketberger verskyn op
9 Julie 2026
Sperdatum is 30 Junie 2026.**

**Stuur advertensies, rubrieke, nuus,
foto's na diepiketberger@gmail.com**

**Nuus en foto's word gratis geplaas,
danksy die adverteerders wat betaal.**

Piketberg Beker



'n Trotse Ashwin Sofat, kaptein van Steynville Sekondêr se o/19-rugbyspan, met die Piketbergbeker na hulle oortuigende oorwinning oor PHS. Hier ontvang hy ook die prys vir Speler van die wedstryd van kurator-prinsipaal, Rose Ruiter. Die volgende borge word bedank: Liebco Vleishandelaars, Superspar Bolland, Bergrivier Munisipaliteit, Renostertjie, Just Train Fitness en Pensie se Spensie.

VLV Women Walk the World



Op 29 April 2026 stap VLV-lede en –gaste in solidariteit met Plattelandse vroue regoor die wêreld. VLVK is geaffilieer by Die Wêreldbond vir Plattelandse Vroue. VLV hou jaarliks 'n muntlegging vir die Wêreldbond.

**BLOOMING
BUDS**



**WE'LL DELIVER
THE LOVE**

Contact 078 135 6558 to order

Stik & Stoffeer

Christo: 083 399 7988

Linda: 083 501 3637

022 913 3326

oregonandmore@telkomsa.net


- Stoffering van banke en stoele
- Motorsitplekke
- Trekkersitplekke / Bakkiesitplekke
- Wye reeks stoffeer- en gordynmateriale om van te kies en bestel
- Restourasie van meubels
- Geskenke en Dekor
- Slyn van messe

Langstraat 59, Piketberg
Reg oorkant AGRIMARK

~ Waar mooi maak en nuut
maak nooit ophou nie! ~



Op die rakke van die Bibilioteek



Claremont Diasy deur Willie Hoods Bespreking deur Marieta Wasserfal

Die skrywer van die verhaal, Dr Willie Raymond Hoods, is 'n 90-jaar oue afgetrede politikus, aktivis en gemeenskapsleier. Dr Hoods het 'n BA- en Meestergraad in Opvoedkunde (UNISA) en 'n Doktorsgraad in Filosofie. In die boek speel die verhaal af in die wêreld waarin hyself grootgeword het – Lady Selborne in Pretoria omgewing. Hy beskryf in die roman die verhaal van twee jongmense wat oor die kleurgrens heen verlief raak. Die verhaal herinner ons aan donker tye in ons geskiedenis – gedwonge verskuiwings, die ontugwet, paswette en gewelddadige oproer. Maar dit is nie die fokus van die verhaal nie – die gebeure word aangeraak, en binne die verhaal geplaas om perspektief te gee aan die liefdesverhaal wat die hooftema van die verhaal is. 'n Liefde wat ten spyte van teenkante van familie en die wêreld om hulle floreer. Die treffende voorblad van 'n parkbankie met die kennisgewing “Whites only/Slegs blankes”, dui reeds daarop dat ons hier met twee stories te make het. Volgens Antoinette Coetzee se resensie op Litnet toon die roman reeds van die begin af trekke van 'n tipiese tragedie. Die agtergrond van hierdie onstuimige tyd in Suid-Afrika van net ná die Tweede Wêreldoorlog tot en met die vroeë tagtigerjare dui immers op 'n atmosfeer waar trauma gedy. Hierdie somberheid word egter op 'n treffende manier realisties gehou deur die beskrywings van die alledaagse lewe van die inwoners van Claremont en Lady Selborne. Dit is veral hiér waar die roman sterk staan, want ten spyte van die wêreldgebeure, moet die inwoners met hul daaglikse lewens voortgaan. Teenoor Daisy, die dogter van die Coelyns se huishulp, ontmoet die leser vir Hugo. Hy is die stereotipe van 'n kind uit 'n baie gegoede, blanke familie wat alles het wat geld kan koop. Boonop is hy aantreklik, slim en goed-gemanierd. Die enigste ding wat hy buite die norm doen, is om by Wits te gaan studeer en ernstig by NUSAS se bedrywighede betrokke te raak. Die leser besef dat dinge gaan verander wanneer jy op bladsy 63 lees: “Toe Daisy die res van die aandete inbring, vergaap Hugo hom aan die aantreklike jong dame. Sy is netjies aangetrek en het 'n voorskoot aan. Hy het nie besef dat sy sedert hy haar laas gesien het in so 'n mooi vrou ontwikkel het nie. Sy oë volg haar bewegings om die tafel.” Daisy en Hugo vind mekaar ewe onweerstaanbaar en verkeer op dieselfde intellektuele vlak. 'n Verhouding ontwikkel redelik vinnig ten spyte van Hugo se naïewe opmerking: “Die liefde is kleur- en statusblind en geen landswet sal 'n gesonde en opregte liefdesverhouding kan keer nie. Die struggle het my geleer om te oorleef in baie moeiliker omstandighede.” Gedryf deur Hugo se optimisme floreer hierdie verhouding. Albei studeer verder en Hugo is baie betrokke by anti-apartheid-studentebewegings. Die leser is egter deurentyd bewus van die konflik in die samelewing wat soos 'n dreigende wolk oor die paartjie hang. 'n Paartjie wat, ten spyte van hul betrokkenheid by die politiek van die dag, só verlief is dat hul uit voeling is met die werklikheid van die lewe. Die slot van die verhaal bring jou terug na die vraag wat op die agterblad gevra word, naamlik: “Besluit maar self of die wêreld na 1994 ten goede verander het.” Na die lees van hierdie menslike verhaal, sal die leser onomwonde kan sê “ja” ten opsigte van die temas van paswette, die ontugwet en die gebruik van openbare geriewe. Oor die ander kwessies hang daar seker steeds 'n vraagteken.

Die Grunau White House se Rough&Tough Rally in Damaraland



Drie susters wat as kinders in die White House Gaste-huis in Grunau grootgeword het, het in Mei 2026 die Rough&Tough Rally tbv Kankernavorsing in Namibië aangepak. Kinna de Wet van Grunau, Mieta Basson van Porterville en Daize Hamman van Bredasdorp het die tog in die “Tor”, 'n 1998-Syncro Caravelle bussie gewaag en voltooi, met baie genade van Bo.

Rangskik Moeder in 'n Bottel

Op 6 Mei 2026 hou Tuinboulede 'n Moedersdagtee met blomrangskikkings in bottels. Alles vir hierdie aktiwiteit is voorsien, 'n bottel wyn, blokkie oase en blomme. Dit is 'n nuwe neiging op sosiale media om 'n bottel wyn as geskenk met blomme te versier. Op die foto bo is Sheila Bradnick en Marlene van Wyk, en regs is Jackie Ferguson en Moira van der Westhuizen. Regs onder is Vanessa Beatemont. Moira het 'n asemrowende Kuns eetgoed uitstalling gemaak wat amper te mooi was om te eet.



OUTPOST

— THE OUTPOST —

FAMILY RESTAURANT

SPECIAL
OFFERS
FOR
JUNE

BUY ANY
PIZZA
FOR ONLY
R99.99

+

ADD A REGULAR
SODA FOR ONLY

R20

EXCLUDING MEXICAN PIZZA



ANY REGULAR
BURGER
FOR ONLY
R99.99

+

ADD ONE TOPPING
OR A REGULAR
SODA FOR ONLY

R20



ENJOY OUR **NEW** DISHES

Rich and Creamy
BUTTERNUT
Soup

WITH A SWIRL OF
OLIVE OIL AND
TOASTED
PUMPKIN SEEDS

FOR ONLY
R85



Tender
BEEF
GOULASH,

POTATO AND
ONION SOUP

FOR ONLY
R99.99



GREAT FOOD. GREAT COMPANY.
THE OUTPOST EXPERIENCE.





20 Jaar gelede- Mei 2006

Redakteur: Pierre Steenkamp

Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen

Advertensiebestuurder: Deon van Dyk

16 bladsye R1,00

Rubrieke: Uit Jannie se pen. Kunsroete: Kunstefees 2006. Magdaleen van Zyl: My favourite plek.

Voorblad: Piketbergers kry Troukoors: Schalk Coetzee en Annelize Herbst, Jacobus Louw en Sonja Esterhuyse en Iwan Bresler en Hanél Carstens. **Die Piketberger groet Marike Bruwer, 'n fotografie ikoon, wat oorlede is.** By Frikkie Rossouw se bevestiging as diaken, was vier Rossouw generasies teenwoordig. **Dr Org en Monica Pienaar laat weet uit Australië dat hulle Die Piketberger op die internet lees.** Gerrit Steenkamp doen sy praktiese jaar vir Elektriese Ingenieurswese op 'n olietenkskip, die Merlion Part. **Kliphoek Primêr word mondig.** Tuinstraat 10 se huis, oftewel Huis Catoggio word honderd en VLV vier dit met 'n teetuin. **Quinten Somers wen 'n platskerm TV by Build it.** Juffrou Enna Bester wen 'n halssnoer in 'n gelukkige trekking by Trippe Trappe se Herfstee. **Laerskool Eendekuil se Platteland Tennisspelers is Anja Smit, Carike Wiggins, Jani Smit en Lara van der Merwe.** Nuwe intrekters is Jimmy en Jackie van Eeden, Wimpie en Jo-Tina van der Merwe en Jacques en Anne-Marié Jansen. **'n Kortsluiting in die Bakkerij van Boland Spar veroorsaak 'n vernietigende brand.** Opruimingswerk het onmiddellik begin.

20 Jaar gelede- Junie 2006

Redakteur: Pierre Steenkamp

Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen

Advertensiebestuurder: Deon van Dyk

16 bladsye R1,00

Rubrieke: Uit Jannie se pen. Kunsroete: Kuns Kas 'n Koffie in Die Ateljee in Voortrekkerstraat.

Voorblad: Piketberg reën timers werk oortyd. **Charl Smith van Morester wen die Wingerdblokkompetisie.** Inus de Villiers en Vanessa Vermeulen trou. **Lena Kitshoff van Huis AJL, hekel en laat raam die Ons Vader gebed om as prys uit te loof.** Liezl Joubert en Caryn Pieters is gekeur om vir vier weke as uitruilstudente na Duitsland te gaan. **Jan Horn, hoof van Paul Greyling in Vishoek, is die gasspreker by PHS se VRL-dinee.** Miemie Louw maak 'n splinternuwe Zebra vir PHS. **PHS Sport: Boland rugby: Ronald Engelbrecht en Ben Olivier, Boland Netbal: Chanelle Mouton, Shané Warnick, O/19-rugby is op pad na Frankryk, Rugbyborge: Hochland, Bergskeurplase, Nexus. HippoRock skenk sweetpakke aan Middeldeurvlei Primêr.**

PHS Sang Eisteddfod

Alison Müller se sangleerders vaar uitstekend by die Olifantsvallei Eisteddfod.



Kloksgewys van links voor is Caylon Kordom, Anchen Abrahams, Lené Loubser, Mia van Wyk en Garchelle Phillips, almal Cum Laude, en Mari Visser, Goud.

Piketberg Library Chess Club



A big thank you to Mr Struis and his chess learners, in collaboration with Piketberg Library, for launching the Piketberg Library Chess Club with an incredible turnout of 20 kids. It was such a special moment to see the community come together like this. This is only the beginning, we are excited about what lies ahead for these young minds. Here's to growing skills, building friendships, and creating opportunities through this fantastic project.

**Die volgende *Piketberger* verskyn op 9 Julie 2026.
Sperdatum is 30 Junie 2026.**

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146

Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30

Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraaakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

MEDIESE PRAKTISYNS

**Drs Smit &
Morrison**

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
📠 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00



Your dedicated
PIKETBERG
Area Specialist

LISHKA OLESEN
SALES

CONTACT

☎ 060 764 6802

✉ lishka.olesen@seeff.com

REGISTERED WITH THE PPRA: FFC - 2024010217266623



SSS Skaak Tops



Op Saterdag 23 Mei 2026 het Steynville Sekondêr se skaakspan aan 'n aanlyn skaaktoernooi deelgeneem. Tydens die Alexforbes Battle Boards 2026 Provincial Championships - Western Cape is teen ander top skaakskole in die Wes-Kaap meegeding en SSS eindig 6de. Die top 5 skole het outomaties gekwalifiseer vir die Nasionale Kampioenskappe wat op 1 Augustus plaasvind. Daar is 'n skrale kans om in Julie aan nog 'n toernooi deel te neem, wat SSS vir die Nasionale Kampioenskappe kan laat kwalifiseer.

1. Curro Durbanville High School 2. Paarl Gimnasium High School 3. Protea Heights Academy HS
4. Huguenot High School 5. Hoërskool Stellenberg High School 6. Steynville Secondary School 7. Table View High School 8. Curro Century City 9. Edgemoed High School 10. Rondebosch Boys High School
11. Westerford High School 12. Paul Roos Gimnasium 13. Hoërskool Durbanville 14. Bergvliet High School 15. Melkbosstrand HS 16. Heathfield High School 17. Calling Academy Stellenbosch

WWW Brei Haarbande



Die NG Kerk se Wol Warm Winter (WWW)-breiers brei haarbande vir Steynville Primêre Skool se dogters. Enige persoon wat wil saam brei, is welkom. Elke bol wol is R40 en daaruit kom ongeveer 6 haarbande. Elke haarband word in 'n sellofaansakkie verpak en elke klas se haarbande word in 'n geskenksak afgelewer. 88 haarbande vir die graad 7's is afgehandel en die graad 6'e se haarbande is amper klaar.

Carel van Niekerk New Director: Technical Services at Bergmun

"I am here to serve the communities of Bergvriër Municipality with integrity, professionalism, and dedication. My goal is to help build resilient infrastructure that supports sustainable growth and improves the quality of life for all residents."

These are the words of the newly appointed Director: Technical Services at Bergvriër Municipality, **Carel Van Niekerk**, who brings more than 17 years



of experience in engineering, infrastructure and project management. Carel was born in Pretoria and recently achieved registration as a Professional Engineering Technologist with the Engineering Council of South Africa (ECSA) in 2024. He obtained his National Diploma in Civil Engineering from the Tshwane University of Technology in 2007, and later completed his Bachelor of Technology Degree in Civil Engineering through the Durban University of Technology in 2013. Throughout his career, Van Niekerk gained experience within leading consulting engineering firms, including Aurecon and WSP Group Africa, contributing towards infrastructure projects across South Africa and internationally.

Some of the notable projects he worked on include the Contermanskloof Reservoir (100 million litre) for the City of Cape Town and infrastructure developments linked to the Saldanha Bay Industrial Development Zone. These opportunities allowed him to develop a strong understanding of the importance of innovation, collaboration, and sustainable infrastructure development within communities.

According to Van Niekerk, Technical Services remains one of the most critical functions within local government as it directly impacts the everyday lives of residents and the long-term economic sustainability of communities. "Bulk water supply, roads, stormwater infrastructure, and maintenance services form the backbone of thriving communities," said Van Niekerk.

His vision for the Directorate is to build a resilient, future-focused, and solution-driven Technical Services Department that can effectively respond to municipal growth, climate-related challenges, and the evolving needs of communities. "Infrastructure development should not only improve services, but also create opportunities for local businesses, emerging contractors, and SMMEs. As we grow our infrastructure footprint, we must also contribute towards local economic development and skills transfer within our communities," he added.

As the new Director: Technical Services, Van Niekerk explained that his role extends beyond infrastructure planning and project implementation. "My responsibility is to provide strategic direction, strong leadership, and support to the Directorate, while ensuring that our daily oper-

ations remain aligned with the Municipality's long-term vision and objectives. I see myself as the bridge between municipal planning and practical implementation on the ground," he said.

A key priority for Van Niekerk will be the modernisation and streamlining of internal systems through digital transformation and smarter workflow processes. He believes that reducing unnecessary administrative burdens will enable technical teams to spend more time engaging directly with communities and resolving service delivery matters effectively.

He further emphasised the importance of mentorship, staff development, accountability, and creating a professional environment, where employees feel empowered to perform at their highest potential while maintaining service excellence.

Outside of work, he enjoys open-water swimming and has a passion for education, mathematics, technology, and continuous learning.

"I understand how important reliable infrastructure and consistent service delivery are to every household, business, and community within the Bergvriër Municipal Area. I look forward to working alongside Bergvriër Municipality, my colleagues, stakeholders, and residents as we continue to build a municipality that is resilient, progressive, and prepared for the future," concluded van Niekerk.

Baie welkom, Carel.



Radie Kotze Hospitaal

Nuwe kontaknommer: 022 913 1013

Piketberg Animal Care NPC

Advertensie beboeg deur Sam en Berenice Scheepers





Die laaste Saterdag van elke maand het ons 'n stalletjie by Piketberg Bo-Berg-Mark.

Besoek ons en ontmoet ons geredde diere, gereed vir aanneming. Kom kyk na pragtige serpe en ander artikels te koop.

Die eerste Saterdag van elke maand is ons by Nieuwedrift mark.

Fun day out for families, dog-friendly, local stalls, good food.



Donasies:

Piketberg Animal Care NPC
Bank: Nedbank Ltd
Account: 131 809 7975
Branch Code: 198765

Katinka Morrison: 082 829 6918
Sheila Bradnick: 072 424 7988 (English)

Follow Us Online
@PiketbergAnimalCareNPC



LOWER LEVEL

EVERYDAY ESSENTIALS.
RIGHT WHERE YOU NEED THEM.

OPEN NOW

	SUPERSPAR
	TOPS – Newly Revamp almost completed – 95%. Cold beer available
	AFRICAN BANK
	CELL CITY
	CRAZY STORE
	CLICKS
	PEP
	BOUGIE BARBER OPENS 1 JUNE

OPENING SOON

	MR PRICE
	POWER FASHION

UPPER LEVEL

FASHION. LIFESTYLE. FUN.
ALL IN ONE PLACE.

OPEN NOW

	NEDBANK
	STANDARD BANK
	TEKKIE TOWN
	SPORTSCENE
	TRADERS WAREHOUSE CLOTHING
	FULL HOUSE
	RAGE
	PEP HOME
	REFINERY
	HOME EXPRESS – Newly revamped
	FRANCO CECCATO SHOES – 1 JUNE


OPENING SOON

	PET STOREY – 26 JUNE
	VIDA E CAFÉ – END OF JULY
	BIERMAN GROBBELAAR – RELOCATED AND REVAMPED
	FISH AND CHIPS BASKET
	DEBONAIRS – 15 JULY
	ROOT AND BOOTS
	ORBIT CELLULAR – (VODACOM)
	LIBERTY FINANCE
	EXACT
	FARU SPORT SHOP
	STUDIO 88
	THUNDER BROTHERS CAR WASH – AUGUST



SHOP. DINE. BANK. RELAX.

All here at **PIQUETBERG MALL**



SUPERSPAR



mr price



PEP HOME

sportscene

EXACT



PEP

